# LAERSKOOL MIKRO

***… waar kind nog kind kan wees …***

Telefoon: 021 –903 2126 | Spruitstraat | Posbus 53
E-pos: info@laerskoolmikro.co.za | Kuilsrivier | Kuilsrivier
Webwerf: www.laerskoolmikro.co.za | 7580 | 7579


Beste Ouers 7 November 2023

Wees asseblief so gaaf om die afskeurstrokie in te vul indien u kind in 2024 sou wou voortgaan of begin met instrumentale onderrig. Lesgelde bly dieselfde as in 2023.

Klavier/klawerbord/solosang/saxofoon (individuele onderrig): R3 960 per jaar (R360 x 11 maande)
Kitaar/blokfluit (groepsonderrig): R2 640 per jaar (R240 x 11 maande)

**Stuur asseblief die afskeurstrokie voor of op Maandag 13 November 2023 na me Carike terug.**

Leerders moet die instrument van hulle keuse by die huis hê om op te oefen. Klavierleerders mag op ‘n klawerbord (keybord) oefen.

Daar is plek vir een of twee saksofoonleerders in 2024 en die saksofone kan by me Steenkamp gehuur word. Die tarief vir die lesgeld sal dieselfde as vir klavier wees.

Die skool bied nie musieklesse na skoolure aan nie.

Hierdie is slegs ‘n behoeftebepaling – leerders wat tans onderrig ontvang, sal voorkeur geniet. Nuwe leerders word gekeur en sal, sover moontlik, geakkommodeer word, waarna name op ‘n waglys geplaas sal word. Alle ander inligting sal ná hierdie opname aan u deurgegee word.

Mikro groete

________________________
**Me. Carike Steenkamp**
**Musiekhoof**

________________________
**Mnr L. C. Mouton**
**Skoolhoof**

✂=====================================================================

**<u>INSTRUMENTALE ONDERRIG – 2024</u>**

Naam van leerder: ________________________________________________

Graad en seksie in 2023: _________

| **Instrument** (merk asb. met ‘n kruisie) | | |
|---|---|---|
| Ouer se naam en van: | Klavier | |
| ______________________________ | Blokfluit | |
| | Klawerbord | |
| Kontaknommer van ouer: ______________________ | Kitaar | |
| Ouer se handtekening: | Solo Sang | |
| ______________________________ | Saxofoon | |